

16.20 RAPPORT 12 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – AUSTRALASIË EN NIEU SEELAND (Art 131)

16.20 REPORT 12 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – AUSTRALASIA AND NEW ZEALAND (Art 131)

- A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.
- C. Ds Reinier Noppers reageer namens die Reformed Church of New Zealand en dui daarop dat die moontlike afgradering van die verhouding veral fokus op die wedersydse aanspreeklikheid wat verminder. Hy vertrou dat daar sinvolle gesprekke in die volgende jaar gevoer sal kan word en versoek ook gemeentes om inligting deur te gee wanneer lidmate na Nieu Seeland verhuis.
Rev. Reinier Noppers responds on behalf of the Reformed Church of New Zealand, suggesting that the possible downgrading of the relationship mainly focuses on the mutual accountability that is reduced. He trusts that there will be meaningful discussions in the next year and also requests congregations to pass on information when members move to New Zealand.

D. RAPPORT / REPORT

| | |
|--|---|
| <p>Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds ASA de Bruyn(s), prof HG Stoker en prof IW Ferreira.</p> | <p>Deputies appointed to this desk: Rev. ASA de Bruyn(c), Prof HG Stoker and Prof IW Ferreira.</p> |
| <p>1. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)</p> | <p>1. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)</p> |
| <p>Ekumeniese eenheid</p> | <p>Ecumenical Unity</p> |
| <p>1.1 <i>Opdrag</i></p> | <p>1.1 <i>Mandate</i></p> |
| <p>1.1.1 Dat kennis geneem word van die Deputate se hantering van die besorgdheid van die RCNZ oor vroue in die diens van diaken en hulle besorgdheid oor die hantering van die Beswaarskrifte by die 2012 Sinode.</p> | <p>1.1.1 Note is to be taken of the Deputies handling of the RCNZ's concern over women's admission to the office of deacon and their concern over the handling of the Petitions of protest at the 2012 Synod.</p> |
| <p>1.1.2 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die RCNZ.</p> | <p>1.1.2 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and RCNZ.</p> |
| <p>1.1.3 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> | <p>1.1.3 This unity is to be sustained and bolstered by <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level.</p> |
| <p>1.1.4 Dat met leedwese kennis geneem word van die besluit van die RCNZ om gesprekke te voer oor die verandering van die verhouding tussen die GKSA en die RCNZ.</p> | <p>1.1.4 Note is to be taken, with regret, of the RCNZ's decision to seek discussion over changes to the relationship between the GKSA and RCNZ.</p> |
| <p>1.1.5 Dat die Deputate aandag sal gee aan die implikasies van 'n verandering in die verhouding tussen die GKSA en</p> | <p>1.1.5 The Deputies are to review the implications of a change to the relationship between the GKSA and</p> |

| | |
|---|--|
| <p>RCNZ en daarvoor aan die volgende Sinode rapporteer.</p> <p>1.1.6 Dat moeite gedoen word om die kerke in Nieu Seeland by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud lidmate.</p> <p>Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.6 kennis geneem.</p> <p><u>Sake waarvan die Sinode kennis neem</u></p> <p>1.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>1.2.1 Die Deputate het deur gesprekke en korrespondensie aandag gegee aan die implikasies van 'n verandering in die verhouding tussen die GKSA en die RCNZ. Uit die korrespondensie het dit geblyk dat daar vrae is waarvoor daar verdere duidelikheid gekry moet word.</p> <p>1.2.2 Die Deputate het die IRC (Inter-church relation committee) van die RCNZ in kennis gestel dat ons beplan om meer as een afgevaardigde na die volgende Sinode in Nieu Seeland te stuur om in persoon daarvoor te praat. Daarby het ons versoek dat indien dit sou gebeur dat daar nie afgevaardigdes van die GKSA by die Sinode in Nieu Seeland kan wees, as gevolg van die die Covid-19-pandemie, dat die RCNZ sal wag met hulle besluit om ons bande af te gradeer.</p> <p>1.2.3 Die Covid-19-pandemie met sy beperkings het tot gevolg gehad dat die RCNZ Sinode net virtueel gehou is en wel in twee dele. 'n Deel van die agenda van die Sinode is afgehandel in 2021 en 'n volgende deel vroeg in 2022.</p> <p>1.2.4 Die RCNZ besluit op die Sinode om hulle IRC opdrag te gee om voort te gaan met gesprekke om die verhouding met die GKSA te verander na een van "ecumenical fellowship". Hulle spreek weereens hulle besorgdheid uit oor die GKSA se praktyk om vroue as diakens te bevestig. Dan stel hulle ook in die vooruitsig om op die volgende RCNZ Sinode die verhouding met die GKSA te verander na "ecumenical fellowship", indien die GKSA voortgaan om vroue as diakens te bevestig.</p> <p>1.2.5 Die RCNZ Sinode besluit ook om die</p> | <p>RCNZ and report to the next Synod.</p> <p>1.1.6 Efforts are to be made to support the churches in New Zealand in following up on old members and their possible joining the church.</p> <p>Decision: Points 1.1.1 to 1.1.6 noted.</p> <p><u>Matters that the Synod takes note of</u></p> <p>1.2 <i>Fulfilment of task</i></p> <p>1.2.1 The Deputies addressed the implications of a change to the relationship between the GKSA and RCNZ by means of discussion and correspondence. The correspondence showed that a number of questions need further clarification.</p> <p>1.2.2 The Deputies notified the IRC (Inter-church relation committee) of the RCNZ that we plan to send more than one delegate to the next Synod in New Zealand for a face-to-face discussion. We also requested that should it not be possible to send delegates of the GKSA to the Synod in New Zealand, due to the Covid-19 pandemic, the RCNZ will wait before down-grading our ties with them.</p> <p>1.2.3 The Covid-19 pandemic, with the associated restrictions, led to a solely virtual RCNZ Synod in two parts. Part of the agenda was completed in 2021 and the rest early in 2022.</p> <p>1.2.4 The RCNZ decided at the Synod to instruct their IRC to continue discussions over changing their relationship with the GKSA to one of ecumenical fellowship, once again voicing their concern over the GKSA's admission of women to the office of deacon. They also anticipate changing their relationship with the GKSA to ecumenical fellowship at the next RCNZ Synod if the GKSA continues to admit women to the office of deacon.</p> <p>1.2.5 The RCNZ Synod furthermore warned</p> |
|---|--|

| | |
|---|---|
| <p>GKSA te waarsku dat as daar voortgegaan word deur sekere gemeentes om vroue as ouderlinge te bevestig, dit die lewensvatbaarheid van hulle verhouding met die GKSA kan beïnvloed.</p> <p>Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.5 kennis geneem.</p> <p><u>Sake waaroor die Sinode besluit</u></p> <p>1.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)</i></p> <p>1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die RCNZ.</p> <p>1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>1.3.3 Dat kennis geneem word dat die Deputate deur gesprekke en korrespondensie aandag gegee het aan die implikasies van 'n verandering in die verhouding tussen die GKSA en die RCNZ en dat die Deputate die IRC versoek het om te wag met 'n besluit oor die afgradering van die verhouding totdat daar afgevaardigdes van die GKSA in persoon by hulle Sinode kan wees.</p> <p>1.3.4 Dat kennis geneem word dat die RCNZ Sinode nie besluit het dat die verhouding reeds verander het nie, maar dit in die vooruitsig stel vir die volgende RCNZ Sinode en dat hulle hul IRC opdrag gegee het om verdere gesprek te voer met die GKSA oor die verandering van die verhouding. Dat die Deputate opdrag gegee word om daardie gesprekke verder te voer.</p> <p>1.3.5 Dat kennis geneem word van die waarskuwing dat as daar deur gemeentes voortgegaan word om vroue as ouderlinge te bevestig, die lewensvatbaarheid van die verhouding tussen die GKSA en die RCNZ in gedrang kan kom. Dat die Deputate opdrag gegee word om in gesprekke met die RCNZ aandag te gee aan die waarskuwing.</p> <p>1.3.6 Dat moeite gedoen word om die kerke in Nieu Seeland by te staan in</p> | <p>the GKSA that should some congregations proceed in admitting women to the office of elder it would threaten the viability of their relationship with the GKSA.</p> <p>Decision: Points 1.2.1 to 1.2.5 noted.</p> <p><u>Matters that the Synod decides on</u></p> <p>1.3 <i>Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)</i></p> <p>1.3.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and RCNZ.</p> <p>1.3.2 This unity is to be sustained and bolstered by <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level.</p> <p>1.3.3 Note is to be taken that the Deputies addressed the implications of a change to the relationship between the GKSA and RCNZ by means of discussion and correspondence and that the Deputies requested the IRC to wait before proceeding to downgrade the relationship until delegates of the GKSA could attend their Synod.</p> <p>1.3.4 Note is to be taken that the RCNZ Synod has not as yet changed the relationship, but that it is anticipated that this will occur at the next RCNZ Synod and that they have instructed their IRC to continue discussions with the GKSA over this change. The Deputies are instructed to continue with discussions.</p> <p>1.3.5 Note is to be taken of the warning that should some congregations proceed in admitting women to the office of elder, it would threaten the viability of the relationship between the GKSA and RCNZ. The Deputies are to address this warning in their discussions with the RCNZ.</p> <p>1.3.6 Efforts are to be made to support the churches in New Zealand in following</p> |
|---|---|

| | |
|---|--|
| die opvolg en moontlike inskakeling van oud lidmate. Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.6 goedgekeur. | up on old members and their possible joining the church. Decision: Points 1.3.1 to 1.3.6 approved. |
|---|--|